
# DIE SWART LUIPERD

No. 42
## Kettings in die Oerwoud



braam le roux

En toe sien hy dit—die grootste en harigste spinnekop wat hy nog sy hele lewe in die oerwoude van Afrika op die lyf geloop het. Die dierasie se oë blink soos stukkies ronde glas soos hy met lang dik donkerrooi harige pote oor die skedel kruip.

Die Swart Luiperd se oë volg elke beweging van die pote wat voel-voel oor die skedel beweeg, kompleet, dink die toeskouer, soos die vingers van 'n blinde wat 'n mens se gesig betas om 'n idee van jou gelaatstrekke te probeer kry.

En toe gebeur wat die Luiperdman nooit kon droom sou gebeur nie. Asof die agtpotige gedrog hom vir die eerste keer sien, ruk sy lyf skielik orent sodat net die agt pote om die skedel klou en die volgende oomblik blits die harige bol na benede.

Stofomslag: Chris du Plooy



INHOUD


| Hoofstuk | | Bladsy |
|---|---|---|
| 1. | Die Geheimsinnige Jagter | 3 |
| 2. | Die Doodskelm | 14 |
| 3. | Bloed by die Grot | 24 |
| 4. | Die Benoudheid van Manuel | 39 |
| 5. | Springende Luiperds | 52 |
| 6. | Glimmende Skedels | 62 |
| 7. | Sluaard van die Woud | 73 |
| 8. | ,,Kêrels, wat sien ek?'' | 82 |




## DIE GEHEIMSINNIGE JAGTER

,,Hier sal ons wag totdat die ander twee terug is. Laat die slawe blaas. En enthou: geen vure voordat ons weet hoe sake staan nie,'' gelas Pedro Salvazo, die klein krombeen-Portugees, die hoofwag langs hom op die voorpunt van die string swart inboorlingslawe. Met sy geweer in sy hand stap hy sloffend al met die modderpaadjie langs, dieper die woud in.

Agter hom word sy bevel van wag tot wag geskreeu. Met 'n kreun sak die dertigtal slawe net waar hulle staan op die nat aarde neer. Hul nekke is rou geskaaf van die ysterhalsbande, hul skouers bloederig waar die lang swaar ketting wat hulle aanmekaar koppel, hul skouers geskaaf het. Verskeie se rûe is stukkend geslaan soos die swepe van die wagte hulle gegesel het wanneer hulle van uitputting neerslaan en hul naaste maats ook neerruk aan die ketting.

Hulle voel nie die reën wat in vlae deur die digte woudlower dring en hul kaal, rou liggame gesel nie. Dankbaar om te kan rus, val die meeste van hulle in die stinkende nat modderpoele neer sodat die vuil water om hulle opspat. Enkele inboorlinge wat nog genoeg krag oor het om te haat, kyk met bloedbelope venynige blikke na hul Portugese wagte wat, wapen in die een hand en sweep in die ander, eenkant onder 'n boom saambondel in 'n vergeefse poging om die ergste reën te ontduik.

,,Pedro moet versigtig wees,'' brom die hoofwag hier tussen sy maats. ,,Dis alles goed en wel om vir Ibn Josef slawe vir sy silwermyn aan te keer, maar dis 'n ander ding om elke keer blanke meisies te wil hê vir sy harem.''

,,Manuel, dit lyk my jy raak bang,'' spot een en vee die water met sy plathand uit sy oë. ,,Tot nou toe het alles mos voor die wind gegaan. Die inboorlinge raak nou wel skelmer en dit gaan moeiliker om hulle te vang as vroeër, maar wie steur hom daaraan? Wie sal in hierdie kamtige verligte eeu 'n inboorling glo wat gaan vertel dat daar nog slawe in Afrika gejag word? En watter regering kan bekostig om 'n hele leër te stuur om ons te vang, gestel so 'n storie sal geglo word? En wat die witmeisies betref: as 'n man gek genoeg is om in hierdie woeste wildernis in te trek, moet hy maar ly wat

daarop volg. Ek sweer die meisies sal 'n haremlewe verkies bo 'n lewe in die onbeskaafde Afrika." Hy lag dat sy geel tabakverkleurde tande so uitstaan.

„Mag wees," sê Manuel, „maar nie as hul harembaas 'n Arabier is nie. Ek sê vir julle, as die buitewêreld hoor dat blanke meisies verdwyn, gaan die poppe dans."

„Hoe sal hulle weet dis ons werk? Tot dusver het ons nog maar in 'n jaar se tyd tien meisies aangekeer en elkeen het so spoorloos verdwyn dat niemand kan bewys wat van haar geword het nie. Ons taktiek om al die ander mense op so 'n plaas dood te skiet en vir die wilde diere en aasvoëls te laat lê, is uiters doeltreffend. Dooies kan nie praat nie, Manuel Ortz."

„Moenie so seker wees nie," grom Manuel nukkerig. „Eendag gaan Pedro 'n flater begaan en dan? Wat dink jy sal gebeur as mense gestuur word om te kom ondersoek instel en hulle hoor van die inboorlinge van ons jagtogte en verneem van plase waar net lyke of wat van hulle oor was, gekry is, en dat meisies weggeraak het? Dink jy daar kan nie twee en twee bymekaar gesit word nie, Perez?"

„Gestel dit is so," hou Perez vol. „Waar gaan hulle soek na die ou silwermyne van Chicoa—myne wat, soos almal meen, tot die verre vergetelheid behoort? Nee, Manuel. . ." maar hy los sy sin toe Pedro Salvazo met twee ander Portugese tussen die bosse deur aangeswoeg kom deur die modderpappery, koppe omlaag om die reën uit hul gesigte te weer.

„Manuel, kies ses man en kom. Alles is in ons guns, volgens hulle," en hy knik na die ander twee. „Perez, hou jou oë oop. As alles goed gaan, is ons oor 'n uur of wat terug. En geen vuur maak nie," waarsku hy weer.

„Asof 'n mens in hierdie woud 'n droë stukkie hout sal kry," brom Manuel terwyl hy ses manne uitkies.

„Kyk, ons is nou tien man sterk, meer as genoeg vir die werk," sê Pedro. „Daar is net 'n ou man, sy drie seuns en die mooi dogter op die plaas. Dit lyk vir my hulle gaan iemand begrawe want volgens Valens hier is twee ou volk besig om op die rantjie van die woud 'n gat te grawe en by die plaashuis het hulle gesien hoedat twee man met 'n kis by die agterdeur instap van 'n afdak se kant af."

„Die Engelse is lief vir diere," spot Manuel; „dalk is dit. . ."





„Bog," keer Pedro saaklik. „In hierdie woeste weer sal selfs 'n Engelsman twee keer dink voordat hy 'n huisdier plegtig begrawe. Bowendien het Valens 'n kis, 'n egte doodkis gesien. Kom, moenie dat ons tyd mors nie" Die groepie, tot die tande gewapen, stryk terug op Pedro se spoor die woud in.

In die eenvoudige plaashuis—gemaak van ysterhoutstompe, heers algehele verslaentheid. Die Morris-gesin skyn die skielike dood van die moeder van die gesin maar nie te kan besef nie.

Oubaas Stanley Morris, eergister nog fier en regop soos 'n kers, sy sestig somers ten spyt, sit inmekaar op die houtbankie in die voorhuis. Sy seuns Stan, William en Malcolm en hulle enigste suster Mabel staan leunend teen die tafel en die middeldeur, almal se gedagtes maar daar by die vars hopie grond wat hulle so pas verlaat het.

„Die lewe van 'n pionier darem!" Mabel sug sag en daar wil-wil 'n wrok in haar binneste opstoot. Vandat hulle vyf jaar gelede uit Kenia hierheen getrek het, het hulle nog net swaar en sweet geken. So vinnig as wat hulle die wêreld hier, binne 'n uur se stap van die Zambesi af, probeer tem het, 'n stukkie aarde probeer ontworstel het aan die immer dreigende wildernis, so vinnig het die woeste alles-meesleurende natuur weer wal gegooi teen die indringers.

In die eerste jaar veral was dit 'n verbete stryd tussen mens en oerwoud, maar geleidelik het die mens die oorhand begin kry. Die aarde is geil en vet en Mabel se vader, moeder en die seuns en in mindere mate ook sy, het vorentoe gebeur. Maar die stryd het veral haar moeder se kragte uitgeput en die laaste koorsaanval was te kwaai vir haar. Sy was maar 24 uur siek. Deur al die swaarkry heen het Enid Morris moed gehou, almal geïnspireer, altyd maar gehoop op 'n „beter dag" wat net om die draai sou wees.

Mabel staar deur die een venster na buite waar die reën mistroostig neersuis. „Arme moeder," dink sy half hardop. Hulle het net begin glo aan die „beter dag" toe die eerste—en die grootste—terugslag al weer opgeduik het. Die volk het oornag die laaste een gedros, behalwe ou Kudu en ou Saul, die twee skepsels wat hulle vanuit Kenia getrou gedien en bygestaan het. Later moes hulle hoor dat ook ander pioniers se volk ewe spoorloos verdwyn het, skynbaar sonder enige rede. Allerlei gerugte het die ronde gedoen, maar niemand kon die vinger op die juiste kwesplek lê nie. Maar

geleidelik het daar lig deurgeskemer op die probleem.

,,Hulle sê,'' het ou Solly, 'n smous, eendag opgemerk toe die volkprobleem weer opgehaal is, ,,dat die inboorlinge wegtrek omdat daar op hulle jag gemaak word deur slawehandelaars.''

Mabel glimlag by die gedagte aan daardie bewering. Sy hoor haar vader vir ou Solly sê: ,,Solly, as jy nie 'n beter teorie kan opdis nie, bly dan liewer maar stil. Slawehandelaars! Ons leef in die twintigste eeu, man, nie in die Middeleeue nie!''

,,Dis wat die mense sê, miester Morris,'' was Solly se enigste verweer.

En tog is Solly se storie hoe later hoe meer deur boere, sendelinge, bevriende kapteins en smouse bevestig.

Toe kom erger stories: plase is soos weerlig oorval, deur wie kan niemand sweer nie, en al wat witmens is, is vermoor. Sommige het selfs gesê dat dit net plase is waar daar jongmeisies op was, maar dít kon selfs die goedgelowige Enid Morris nie glo nie. ,,As almal dan so vermoor word,'' het sy altyd gesê, ,,watter sin is daar dan in om net sekere plase uit te soek waar ongetroude meisies woon? Of wil julle dalk beweer dat die meisies ontvoer word?''

Hierop kon niemand 'n antwoord verstrek nie.

,,Mabel,'' en die oubaas se stem laat haar uit haar bepeinsings opskrik, ,,gaan maak vir ons koffie, my kind.''

,,Seker, Vader,'' sê sy en stap kombuis toe.

,,Ek het vir Kudu en Saul gesê hulle kan maar die res van die dag in hul pondokkie deurbring,'' merk Stan, die oudste op. ,,In hierdie weer kan geen mens tog iets buite uitrig nie.''

,,Dis goed, ja,'' mompel oubaas Stanley afgetrokke.

Onderwyl Mabel in die kombuis die koffiewater opsit om te kook en die koppies regsit, sluip Pedro Salvazo en sy nege man daar agter die houthuis tussen 'n streep bosse deur, wat soos 'n seekatarm uit die Zambesiwoud dwars die veld inskiet, skuins bokant die huis en die werf verby.

,,Nou kyk,'' sê Pedro terwyl sy manskappe om hom saambondel net buite gesig van die huis af, ,,laat ons eers die werf deurkyk voordat ons nader gaan. Ons weet dat die mense almal in die huis is want ons het hulle 'n rukkie gelede soos natgereëende hoenders van die kerkhoffie se kant af sien stap. Die twee ou volkies is reguit na hul kamer—daardie klein klipkamertjie net langs die woonhuis. Die deur is toe. Agter sal seker 'n venster wees, maar dié sal hulle





wel ook toegemaak het teen die reën.''

,,Daar agter by die huis trek rook by die skoorsteen uit. Hulle maak seker kos of iets,'' merk Manuel op. ,,Die agterdeur en een venster staan oop..'' las hy by.

Pedro, wat intussen die wêreld fyn bespied het, sê: ,,Kyk julle twee,'' en hy dui twee man aan, ,,sluip hier 'n ent in die bos op totdat julle by daardie moddersloot kom. Julle sal feitlik handeviervoet moet loop om nie van die huis af gesien te word nie, maar dit kan nou nie anders nie. Die sloot gaan bokant die werf langs. Sodra hulle agter die volk se huisie is, en buite gesig van die woonhuis is, sluip julle tot by die huisie. Daar moet een van julle vir ons met die hand waai en dan wag. Julle dam die volk by wanneer julle ons hoor skiet. Trap!''

Terwyl die twee verdwyn, vervolg Pedro: ,,Ons gaan nou 'n ent terug totdat ons regoor die huis is. Daar is geen vensters in die dwarsmuur aan ons kant nie. Manuel sal hier bly en ons die teken gee wanneer die ander op hul pos is. Dan moet ons so vinnig moontlik op die huis afstorm en die dwarsmuur bereik voordat hulle ons gewaar. Dis baie onwaarskynlik dat een van die huismense in die reën sal uitkom na buite. In elk geval, dié risiko moet ons maar loop.''

'n Kwartier later gee een van die twee agter Kudu en Saul se kamer die teken vir Manuel wat spore maak na sy vriende toe.

,,Gereed?'' vra Pedro saaklik.

,,Ja,'' kom dit in 'n koor.

,,Weg wees!''

Terwyl die sluipmoordenaars op die woonhuis afpyl, neem Mabel die skinkbord met koffie en beskuit sitkamer toe.

,,Wat is daar vanaand vir ete, Sus?'' wil William weet.

,,Ek sal aanstons gaan kyk, Will,'' merk sy met 'n skewe glimlaggie op. Haar boeta is tog so lief vir sy kos.

Oubaas Stanley proe-proe aan sy warm koffie, staan op en sit dit op die tafel neer. ,,Te warm,' sê hy en stap na die voordeur waar hy gaan staan om oor die werf voor hom heen te kyk.

,,Ek mis ou Sultan,'' sê Mabel wat met haar koffie in die hande langs hom kom staan. ,,Ons moet darem so gou moontlik weer 'n hond of wat aanskaf, Vader. 'n Mens kan nooit weet nie.''

,,Enid was tog so lief vir die hond,'' sê die oubaas. ,,Ai, die hondesiekte maai darem hier onder ons honde. Ja-nee,'' las hy by.

„ek sal, sodra die weer dit toelaat. . ."

Hy los sy sin en staan verstom toe hy 'n drietal gewapende mans hier om die hoek van die huis sien storm.

„Gevaar!" skree hy en vlieg om toe die vyand die eerste skote los.

„Vader. . ." begin Malcolm terwyl Stan en William kamer toe snel om wapens te kry. Maar dit is reeds te laat. Pedro, wat sy manne in twee groepe verdeel het, storm al klaar agter in en skiet dat die kruitdampe so uitslaan.

Stan en William slaan in hul spore neer. Malcolm wat by die voordeur wou uitspring, is skaars buite of ook hy slaan neer en rol die stoeptrappe af.

Oubaas Stanley wat soos 'n ware patriarg sy vyand vierkantig in die oë kyk, wil iets sê, maar 'n paar gewere dreun tegelyk en hy sak inmekaar.

Mabel storm kaalhand op die naaste Portugees af, maar sy word van agter vasgegryp. Sy ruk haar egter los en klap die naaste een, Pedro, dat hy agteroor steier. As Manuel, die hoofwag, hom nie gevang het nie, sou hy op die naat van sy rug beland het.

„Julle moordenaars!" Mabel skreeu histeries, skop die naaste op die skene en gly soos seep tussen hulle deur om 'n geweer in die agterste kamer by te kom.

„Vang haar!" bulder Pedro toe die ander twee van buite af inkom met die saaklike mededeling: „Die volk is dood."

Voordat sy nog 'n geweer van die houtpenne aan die muur kan afruk, gryp oorgewillige kloue haar en ruk haar weg. Sy skop een op die been, slaan haar tande in 'n tweede se arm en beur en spartel soos 'n wildekat om los te kom.

„Druk haar op die grond en bring 'n riem," skreeu Pedro wit van woede oor daardie klap wat nou nog sy wang skyn te skroei.

Mabel word opgeruk en vasgedruk terwyl een na buite hardloop om 'n riem te kry.

„Vir daardie klap gaan ek jou halfdood wurg," sis Pedro en kniel langs haar.

„Gedenk Ibn Josef," maan Manuel hom skerp hier eenkant.

Hy los haar en kom vloekend orent.

Die osriem word tevoorskyn gebring en Mabel se arms stewig aan haar sye vasgewoel. Toe word sy op haar voete gepluk met 'n kortaf: „Stap!" Manuel druk 'n geweerloop in haar rug.





„Ek weier," sê sy bot. „Skiet my dood as julle lus het, vuilgoed, maar ek stap geen tree nie."

„Dra haar," gelas Pedro saaklik. „Is die twee volk dood?" vra hy agterna.

„Soos mossies," sê Manuel, wat vir een man wink om Mabel oor sy skouer te gooi.

Sy skop egter soos 'n muil en dis eers toe haar voete ook vasgemaak is dat hulle haar behoorlik kan hanteer.

„Draai 'n kombers om haar," sê Pedro, „dit sal ook help om die water van haar lyf af te hou." Toegerol in 'n kombers bo-oor haar jas, word sy opgelig en deur 'n Portugees oor sy skouer geslinger sodat haar kop voor en haar bene agter afhang.

Pedro kyk na sy bende en sê: „Weg wees!"

„Gaan jy nie die huis afbrand nie?" vra een.

„Hoekom?" wil hy weet. „Hy sal vinniger doodreën as wat hy sal brand. Gaan gou die huis deur en kyk of daar nie geld is nie," voeg hy by.

Hulle snuffel die huis van 'n kant af deur, maar as oubaas Stanley geld gehad het, het hy dit baie goed weggesteek. Al wat hulle kan kry, is 'n bietjie juweliersware van wyle Enid Morris en Mabel en die gewere en ammunisie.

„Kom, kom," jaag Pedro hulle aan, „dit word laat. Ons sal nog 'n hele paar kilometer moet trek voordat ons tot stilstand kom."

Soos aasvoëls wat dik gevreet is, strompel hulle agtermekaar by die voordeur uit, die trappe af en kry koers terug na die donker woud onder langs die Zambesi. Nie een kyk 'n tweede keer na die lyke in die modder nie.

„Ons jagmaat is darem 'n eienaardige man," merk Abie Vos op en vee met sy een hand oor sy blink vetbesmeerde gesig terwyl hy met die ander hand die kaalgestroopte braairibbetjie vir die honde oor sy skouer skiet.

„Hoe so, vriend?" Roelf Steen mik-mik na 'n vet ribbetjie en pluk dit met sy harige hand netjies van die kole af.

„Ek weet net as ons Leon Fouché nie by ons gehad het nie, ons wraggies nie so gou hier by die ou Zambesi sou aangeland het nie," merk klein Doors Kleinman op en trek sy blikbekertjie met koffie nader. „Daar is blykbaar geen inboorlingtaal wat hy nie kan praat nie en al wat swarte is, skyn sommer uit die staanspoor vir die man

die grootste eerbied te hê, amper. . . asof hy hier in die noorde van Suid-Rhodesië grootgeword het."

Tol Malherbe, 'n lang, gebreide sening van 'n man met 'n swart baard, klap 'n blindevlieg van sy broek af en sê op sy stadige, tydsame manier: „Leon is nie alleen 'n jagter duisend nie, maar 'n kenner van Afrika soos weinig, vra maar vir ou Abie, sy buurman."

„Hoekom sê jy Leon is snaaks?" wil Roelf Steen weer weet.

„Kyk kêrels, my plaas grens aan syne in die Transvaal. Ek ken hom met vrou en kind en al soos my eie gesin. Wat my altyd dronkslaan, is die aanloop van mense op Leon se plaas en nie sommer sulke mense nie, nie hier-jy's nie. Dis sommer hoë lui uit alle oorde, selfs tot ministers."

„Maar sy plaas wemel van die wild en hulle kom seker jag," sê Doors.

„Dis wat Leon my altyd wou wysmaak, maar snaaks," en hy tuur na die rooi kole, „jy kan sweer dat as van die gemelde vooraanstaande lui daar kom ‚jag' het, dan duur dit nie lank nie of Leon verdwyn soos 'n speld van die plaas af en bly soms maande lank weg sommer maande."

„Miskien is hy in die diplomatieke diens!" merk lang Tol droog op.

„'n Boerkêrel soos hy in die diplomatieke diens," snork Abie Vos. „Dis wel waar dat hy verskeie Europese tale ken, 'n graad of wat agter sy naam het, en so meer, maar daar is iets in sy lewe wat vir my tog geheimsinnig voorkom, maar moenie vra wat nie," sê hy vinnig toe Roelf hom fronsend aankyk.

„Wat sê sy vrou?" wil Doors weet en proe aan sy koffie.

„Dig soos 'n pot. Sy lag net as ek haar vra waarheen Leon verdwyn het. „Abie, vra hom maar self as hy terugkom, jong,' sê sy altyd terwyl sy weet dat ek g'n woord uit hom sal kry nie."

„Ek het al gewonder wat ou Leon in daardie swart jagsak van hom bêre," merk Tol weer op. „Dis nie sy gewone jagsak nie, en ek sien nooit dat hy dit gebruik nie en tog hou hy dit altyd toegesluit in die ou Jeep. Ek wonder wat alles nog in daardie gesluite ysterkis is."

„Die son begin te sak. Ek wonder wanneer hy terugkom," en Doors tuur Weste se kant toe.

„Ek hoop hy het inboorlinge gekry om ons oor die Zambesi te





help," merk Roelf op. „Iewers moes dit gereën het, want die rivier is vollerig. Voertsek," snou hy sy brak toe wat hier tussen sy bene 'n kaal ribbebeentjie wegpluk van die grond af.

„Soos die man darem met 'n geweer kan skiet," merk Abie weer op wat maar net wil gesels oor sy buurman. „En ja, raai, sy seuntjie, klein Bennie, dié skiet mos met pyl-en-boog en hy skiet 'n bars, hoor."

„Nou waar sou hy dít geleer het?" vra Tol.

„Leon sê dis sommer 'n gier van sy seun," sê Abie, maar tussen sy oë bly 'n fyn fronsie sit asof hierdie soort wapen vir hom ook snaakserig voorkom op 'n plaas.

„Ai, ek wonder wanneer ons eendag by die Lukangamoerasse gaan uitkom," sug Doors.

„As ons eers die Zambesi deur is, sal dit sommer gou gaan, maat," merk Roelf op. „Praat van wild! Daar sal ons skiet dat die geweerlope vuurwarm word. As ek dink. . ." Hy wip soos hy skrik toe 'n stem reg agter hom sê: „Soos jy skiet, Roelf, sal jou geweer altyd warm wees."

„Maggies, hoekom beweeg jy altyd soos 'n kat?" grom Tol wat net so groot soos die res geskrik het toe die frisgeboude lang man met die swart hare en helder blou oë tussen hulle neerhurk en sy geweer langs hom neersit.

„Help jouself," en Abie wys na die braaivleis.

„Hoe lyk sake by die rivier langs?" vra Roelf toe Leon vir hom 'n ribbetjie nader trek.

„Ek vrees, vriende, ons is gestrand, tydelik in elk geval."

„Hè?" Tol kyk met sy lang nek skeefgedraai na Leon.

„Bedoel jy ons kan nie deur nie, of wat?" Abie trek sy mond op 'n plooi.

„Die Sambesi het baie water, maar op die plek wat ek in die oog het, vloei hy breed en egalig. Nee, die moeilikheid is dat ek geen inboorlinge kan raakloop om hand by te sit nie. Ons sal 'n sterk vlot nodig hê om oor te kom en heelwat mannekrag om te keer dat ons nie wegspoel nie."

„Maar hoe bedoel jy jy kan nie inboorlinge raakloop nie?" Doors en ook die ander drie kyk hul vriend vraend aan.

„Miskien het hulle padgegee vir die waters uit vrees vir 'n vloed," meen Tol en steek sy pyp op.

Leon skud sy kop. „Selfs ék kan sien daar is geen tekens van 'n